# Het jy geweet?



## 90% van 'n kind se brein ontwikkel voor die ouderdom van 5.

Die vroeë jare van 'n persoon se lewe is
die belangrikste om vir hulle 'n stewige grondslag te gee vir toekomstige sukses.

**DIE ORGANISASIE**

DW DEVELOPMENT WORKSHOP

PLAY FOR ALL

**ONS SKENKERS EN VENNOTE:**

mtc — Capricorn Group — unicef for every child — INTER TEAM — TWIN HILLS TRUST | NAMIBIA — Embassy of Finland Windhoek — PUPKEWITZ FOUNDATION — EDUCATE for Africa — MINDEROO FOUNDATION


**Development Workshop Namibia**
20 Natchtigal Street, PO Box 40723
Windhoek, Namibia
+264 (0)81 3766 119
www.dw-namibia.org
info@dw-namibia.org


Member of NCE Namibian Chamber of Environment


PLAY FOR ALL — DW DEVELOPMENT WORKSHOP CHILDREN

# Wat is VKO?



Vroeë Kindontwikkeling (VKO) verwys na die tydperk van vinnige ontwikkeling van 'n kind se brein en
liggaam, van voor geboorte tot wanneer hulle skool begin.

## Hier is wat kinders tussen die ouderdom van 0 tot 6 nodig het vir die regte begin in die lewe:




Vroeë kindontwikkeling kyk na alles wat 'n kind nodig het om te groei, nie net onderring nie. Liefde, sorg en 'n gevoel van veiligheid is nodig vir breine om te groei!

### VOORDELE VAN VKO VIR DIE KIND

- BETER SOSIALE EN EMOSIONELE VAARDIGHEDE
- GOED WISKUNDIGE- EN TAALVAARDIGHEDE
- BETER KANS OM DIE SKOOLLOOPBAAN TE SLAAG
- MINDER KANS OM SKOOL VROEËR TE VERLAAT
- BETER WERKE MET HOËR SALARISSE

### VOORDELE VAN VKO VIR DIE SAMELEWING

- VERMINDER MISDAADSYFERS
- LAER UITVALSYFERS
- MEER MENSE MET GOEIE WERKE
- MINDER GEWELD

## Hier is eenvoudige dinge wat jou kind kan help om te ontwikkel



- **Lees boeke:** Kyk na kleurryke boeke, wys na die prente, en vra vrae. Dit help jou kind om te leer lees en die wêreld om hulle te verstaan.
- **Liefdevolle drukkies:** Omhels en druk jou kind om hulle geliefd en veilig te laat voel.
- **Sing en dans:** Sing en dans help jou kind om te leer, om gevoelens te verwerk en hulle liggaam te beweeg.
- **Betrek jou kind in daaglikse aktiwiteite:** Praat oor die kleure van borde en koppies, tel die bestanddele en maak saam skoon.
- **Vermy geweld teenoor jou kind:** Dit strem hulle ontwikkeling en maak dit meer waarskynlik dat hulle in die toekoms gewelddadig sal wees.